:—: Koers :—:

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Deel VII. No. 6. POTCHEFSTROOM. Junie 1940.

# GREPE UIT 'N CALVINISTIESE WYSBEGEERTE. [1]

**Die Verhouding tussen Teologie en Wysbegeerte.**

Publikasies van Prof. Hepp en van sy leerlinge (w.o. Dr. P. Prins oor *Het Geweten,* Dr. B. J. de Klerk oor *Biblisisme,* F. J. M. Potgieter 2) beweeg hulle al meer op 'n terrein op die grensgebied van teologie en wysbegeerte. Hierdie publikasies bestry veral die beskouinge

1) Die reeks **"Grepe uit die Wysbegeerte van die Wetsidee"** word hiermee uitgebrei tot die bostaande om reg te laat wedervaar aan die stryd waarin die **Wysbegeerte van die Wetsidee** in Calvinistiese kringe hom bevind. Deur hierdie wysbegeerte in teëstelling tot die wysgerige insigte van die kring van Prof. Hepp te stel, kan sy betekenis in breëre perspektief gewaardeer word. Daardeur kom meteen ander wysgerige oortuiginge in Calviniste kringe ook tot hul reg.

2) **Die Verhouding tussen Teologie en Filosofie by Calvyn** (N.V. Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1939) deur Dr. F. J. M. Potgieter. Hierdie proefskrif handel I, oor die vorming van Calvyn, II, oor die ontsluiting van Calvyn se skriftelike nalatenskap, III, oor die oordeel van Calvyn oor die verhouding tussen teologie en filosofie. Die proefskrif is 274 pp. groot. Die derde deel werk Prof. Hepp se beskouing oor die onderwerp breed uit, wat gestel word in die lyn van Kuyper en Hepp te wees, en stel dit veral teenoor die beskouinge van Prof. Dooyeweerd en terloops ook van my. Dit bied 'n pragtige en ryke versameling van Calvyn-sitate wat 'n mens nerens anders so byeen vind nie. Dit is 'n intensiewe studie wat ernstige aandag van Calviniste ook in ons land verdien. Sy betekenis sal in hierdie en die volgende artikel uit hierdie reeks blyk Wat die metode van stofbehandeling betref, sou ek 'n skerper logies afgebakende uiteensetting verkies het bo die gegewe metode van heen- en weer-argumentasie, waardeur die hooflyne van die betoog beslis aan helderheid verloor, en wat noodwendig tot onnodige herhalinge verplig. Die tema van hierdie greep in ons reeks is aan hierdie proefskrif te danke.

van die kring van Prof. Vollenhoven en Prof. Dooyeweerd. Uit hierdie stryd blyk dat die Calvinistiese denke hom in 'n krisis bevind. Hierdie krisis kan ons welkom heet as uiting van hernude geestes- en lewenskrag in die Calvinisme, mits dit nie lei tot partyskapvorming en skeuring, gevare wat in Nederland ongelukkig nie denkbeeldig is nie weens die persoonlike kleur wat die stryd aldaar aanneem. Mag die oorlogsnood waarin Holland hom nou bevind die genoemde rigtinge nader aanmekaar bring!

Daardie stryd sal in ons land nie oorgeplaas word nie. Op 6,000-myl afstand beskou ons dit eerder in 'n nugtere perspektief. Ons sal hier in ons land wel meningsverskille i.v.m. die vraagstukke waaroor die genoemde stryd gaan, vorm, maar hulle sal slegs van 'n persoonlike aard wees, omdat die Calvinisme in Suid-Afrika aan die een kant baie meer prakties ingestel is as in Holland, en omdat aan die ander kant doelbewuste Calviniste in ons land klein in getal is en mekaar ten volle nodig het, in die gemeenskaplike stryd alhier teen die teenstanders van die Calvinisme. Uit die stryd in Holland kan ons egter baie leer en die goeie van die mekaar bestrydende rigtinge waardeer en oorneem.

Een van die hoofpunte van die stryd is die oor die verhouding tussen teologie en wysbegeerte, die probleem deur Dr. Potgieter in sy genoemde proefskrif behandel.

Laat ons egter eers nagaan waarin beide rigtinge ooreenstem, sodat ons hul meningsverskil kan waardeer op die agtergrond van die gemeenskaplike oortuiginge. Anders vergeet ons dat beide rigtinge *Calvinisties* is en wil wees, en dat die kloof wat hulle beskouinge van die van nie-Calvinistiese rigtinge onderskei veel groter is as die onderskeid tussen beide rigtinge.

Beide rigtinge aanvaar onvoorwaardelik die gesag van Gods Woord en beroep hulle daarop; beide aanvaar Gods Woord in Gereformeerde sin. Beide handhaaf dat die Gereformeerde teologie, soeverein in eie kring, asook die Calvinistiese wysbegeerte, soeverein in eie kring, bestaansreg het; dat die Gereformeerde teologie en die Calvinistiese wysbegeerte mekaar nodig het, maar ook dat die een nie die ander mag oorheers nie; dat die waarhede van die Gereformeerde teologie en van die Calvinistiese wysbegeerte mekaar nie behoort te weerspreek nie. Hierdie en soortgelyke formele kwessies is in die stryd *nie* in geding nie, en ook nie die Calvinistiese leerstukke oor die absolute soewereiniteit en selfgenoegsaamheid Gods, die betreklikheid en onselfgenoegsaamheid van die geskape kosmos en van die menslike denke, oor die sondeval en verlossing in Christus, en oor so oneindig veel ander Bybelse waarhede meer nie. 3).

---

3) **Sien oor die teologiese geskilpunte in hierdie stryd die uitnemende artikel van Prof. Dr. S. du Toit in die vorige uitgawe van Koers.**

Sodra egter vasgestel word wat teologie presies is, wat wysbegeerte presies is, hoe hulle presies teenoormekaar afgebaken moet word, hoe hulle presies mekaar moet aanvul en tot mekaar se diens moet wees, watter van beide die meer grondleggende wetenskap is, hoe elk van beide metodies teenoor die Skrif behoort te staan, ens. loop beide rigtinge uiteen. Hierdie onderskeidinge is van grondleggende belang, insover hulle die fondament en grondbegrippe van beide wetenskappe raak. Die stryd gaan dus nie oor bysaaklike of bolangse probleme nie; dit tref die wetenskapsgeboue in hul geheel en in hul praktiese implikasies.

* * *

Sou Calvyn ons nie hier uit die impasse kan help nie? Waar die Calvinistiese denke i.v.m. hierdie vrae enigsins in verwarringe verstrik begin raak, het dit sy voordeel om terug te gaan tot wat die vaders geleer het, om vandaaruit opnuut die probleme te benader. Dit was dan ook die grondmotief van Dr. Potgieter se studie. Sy konklusie is, dat die sienswyse van Prof. Hepp in die lyn van Calvyn en Kuyper lê, en dat die nuwere Calvinistiese wysbegeerte van Prof. Dooyeweerd (asook my wysgerige beskouinge) daarvan afwyk. Alhoewel ek ook t.o.v. die vraagstuk onder behandeling my nie met die sienswyse van Prof. Dooyeweerd kan vereenselwig nie, het Dr. Potgieter my nie oortuig, dat die sienswyse van Prof. Hepp alleen juis in die lyn van Calvyn en Kuyper lê nie. Hy spreek dan ook nie verniet daarvan dat Prof. Hepp se beskouinge by die van Calvyn *ingelas* kan word; hulle kan aan die van Calvyn toegevoeg word, maar vloei nie vanself voort uit wat Calvyn gegee het nie; ek is bv. persoonlik oortuig dat my beskouinge ook by die van Calvyn *inlasbaar* is; en Prof. Dooyeweerd sal dieselfde beweer van sy beskouinge.

Trouens vind ek dit gevaarlik om i.v.m. hierdie vrae by Calvyn te rade te gaan. Hiermee gee ek nie te kenne dat ek 'n Biblisis is nie, en geen waardering koester vir "die dogma, die konsiliêre besluite en die uitsprake van die vaders" nie. Maar ek handhaaf (saam met Calvyn!) dat hierdie "dogma, besluite en uitsprake" aan die Skrif getoets moet word, en verder dat insover die Calvinisme progressie is, ons voor *nuwe* probleme te staan kom (soos die onder behandeling) en tot *nuwe*, aan die Skrif te toetse beslissinge moet kom, wat vroeër nie getref kon geword het nie; 'n beroep op Calvyn, wat die *nuwe* in die progressie van ons denke betref, sou die progressie self ontken.

Calvyn het geen wetenskapsleer uitgewerk nie; hy het geen opsetlikgekonsipieërde uitsprake oor die wysbegeerte gegee nie; hy het geen encyclopaedie van die wetenskappe gelewer nie; soiets kan ook nie direk uit sy werke gekonstrueer word nie; hy gebruik die term „wysbegeerte"

in nie-tegniese en verskillende betekenisse. Gedurende die Reformasie was die teenswoordige opvatting van 'n organiese geheel van wetenskap nog onbekend. Dit alles gee Dr. Potgieter toe. M.a.w. op ons *eintlike* probleem gee Calvyn geen lig nie. Al wat ons kan doen is om te sien of ons respektiewe strydige oplossinge by die algemene beskouinge van Calvyn *inlasbaar* is. Hierop antwoord *ons algar*: ja! Wat Calvyn oor teologie en wysbegeerte gesê het, aanvaar *ons algar* volkome en van harte. Aan die teosentriese karakter en grondlegging van die wysgerige denke van *ons algar* behoort geen twyfel te bestaan nie, ook al beperk sommige van ons die wysbegeerte tot die *deur God* geskape kosmiese realiteit.

Op nog een gevaar van die te-rade-gaan-by-Calvyn i.v.m. ons probleem wil ek wys. Die denke van die Calviniste in 'n bepaalde tyd is ook tydsgebonde; u kan die Calvinis van 'n bepaalde tydperk nie uit sy tyd uitlig nie; hy neem in sy tyd van die algemene kennisskat, veral ook deur nie-Calviniste uitgewerk, bewus en onbewus verbasend veel oor, sonder dat hy altyd weet of en in hoeverre sodanige oorgenome kennisskat wel of nie met die Calvinistiese waarhede versoenbaar is. Let bv. daarop op hoe verskillende wyse Kuyper, Bavinck, Grosheide, Dooyeweerd en ek die bestaansreg van 'n Christelike wetenskap verdedig, en vra u af in hoeverre die verdedigingsmetode medebepaal is deur die tydsbepaalde ontwikkelingstand van die denke in die algemeen, wat telkens ander wapens van verdediging en van bestryding gee en nodig maak. Die invloed van die psigologisme, idealisme, Kantianisme, Fenomenologie, kan hier nie ontken word nie. Die Calvinisme in elke volgende eeu moet dan ook die Calvinisme van 'n vorige eeu van sy tydsgebondenheid aan die gees van daardie eeu bevry insover dit met die Skrif in stryd sou blyk te wees. Ons kan hierdie tydsgebondenheid van die Calvinisme naas die onveranderlike Bybelse waarhede, wat dit bely, nie ontken nie. En so ook het Calvyn in sy tyd teenoor 'n ander wysbegeerte gestaan as ons nou. Wat hy oor daardie wysbegeerte mag gesê, het, mag grotendeels ook vir die wysbegeerte van nou nog geld, insover dit uit anti-skriftuurlike motiewe en insigte opgekom het, maar hoef nie in alle opsigte vir die wysbegeerte van nou te geld nie, en veral nie vir 'n Calvinistiese wysbegeerte, die moontlikheid waarvan, d.w.s. hoe om dit uit te bou, Calvyn self nie ingesien het nie. Uitsprake van Calvyn, dat hy bv. as Christelike wysbegeerte die „Evangelie van genade" bestempel, toon dit ten oorvloede aan. As Calvyn bv. sou gesê het dat die Christelike wysbegeerte onder die lig van die Skrif sou moet besin oor die oorsprong, wese en bestemming van die „dinge" (soos die wysbegeerte dit in sy tyd buite die Skrif om doen), sou hy m.i. verkeerd wees, want hierdie probleme hoort eerder in die teologie tuis. Hierop kom ons later terug. Ons hoef seker nie onder wys-

begeerte vandag te verstaan, wat Calvyn in sy tyd daaronder sou kon verstaan het nie, insover hierdie insigte van Calvyn bepaal sou gewees het deur die stand van die denke in sy tyd.

Dit alles beteken egter nie dat 'n studie van wat Calvyn oor ons probleem gesê het, waardeloos sou wees nie; inteendeel! Al wat ek betoog is dat 'n beroep op Calvyn in hierdie geval moeilik gedoen kan word.

* * *

Prof. Dooyeweerd 4) gaan in sy *Wysbegeerte van die Wetsidee* uit van die „Ken Uself," soos ek vroeër reeds aangetoon het. Hy mag hiermee wel die betekenis van die mens in die kosmos, as konsentrasiepunt van die kosmos oorspan, maar dit maak sy wysbegeerte as sodanig nog nie antroposentries nie. Inteendeel, hy het hom ingespan om aan te toon, dat die humanisme onaanvaarbaar is, en dat alles, ook die mens, van die Archê afhanklik is. Sy filosofie wil teosentries veranker wees. Laat ons ook onthou, dat hy die mens *Skriftuurlik* wil verstaan. Dit toon hy ten oorvloede aan. Van hieruit wil hy die verskil tussen God en mens verstaan met behulp van die wetsidee as argimedespunt: God is bo die wet, die mens is in al sy funksies onder die wet. Van antroposentrisme is hier geen sprake nie; egter wel van 'n eensydige oorspanning van die mens (nie in sy verhouding tot God nie, maar) in sy verhouding tot die kosmos.

Die „Ken Uself" as uitgangspunt van hierdie wysbegeerte bevat twee momente: a, kennis (of wetenskap) en b, Uself (of die mens). Van hieruit moet ons sy oplossing van die vraag van die verhouding van teologie en wysbegeerte by Prof. Dooyeweerd verstaan.

a. Die analise van kennis, die vasstelling van wat wetenskap as sodanig is, hoort syns insiens tuis in die wysbegeerte. Teologie wil *wetenskap* wees. Insover teologie *wetenskap* is, moet die wysbegeerte die aprioriese fondamente ook van die teologie as *wetenskap* neerlê. In hierdie opsig is die wysbegeerte vir die teologie grondleggend.

b. As ons die mens ondersoek, kan ons in of van hom veertien onderskeie funksies vasstel. Elk van hierdie funksies staan onder 'n eiesoortige wet. Die funksies word verder as subjeksfunksies en daarmee korrelerende objeksfunksies onderskei. Die subjeks- en objeksfunksies onder 'n bepaalde wet saamgevat word genoem die wetskring. Met die veertien genoemde funksies korreleer dan veertien wetskringe, wat aan

4) Wat Prof. Vollenhoven se standpunt insake ons probleem is, weet ek nie. Ek stel dit so, omdat Prof. Vollenhoven nie in alles met Prof. Dooyeweerd ooreenstem nie, en ek van hom geen publikasie oor die onderhawige probleem in hande gekry het nie.

die hele geskape kosmos ten grondslag lê en 'n rangorde vorm, nl. van die laagste tot die hoogste: die wetskringe van die getal, van die ruimte, van beweging, van die biotiese, van die psigiese, van die logiese, van die historiese, van die taal, van die sosiale, van die ekonomiese, van die estetiese, van die juridiese, van die etiese en van die pistiese of die godsdienstige. Met elk van hierdie wetskringe of „vakke" (nie meganies te verstaan nie) korrespondeer 'n vakwetenskap. Die teologie 5) is 'n vakwetenskap naas die fisika, biologie, sielkunde, geskiedenis, ens., en wel daardie een, wat die hoogste wetskring, nl. die godsdienstige of religieuse ondersoek. Die wysbegeerte daarenteen, is totaliteitswetenskap, wat die samehang van al die wetskringe ondersoek, en wat nagaan hoe hulle in die kosmiese totaliteit saamgeweef is. Hiervolgens dus ook is die wysbegeerte as totaliteitswetenskap vir die teologie as vakwetenskap grondleggend, wat nie uitsluit, dat die teologie unieke leidende prinsipes, as hoogste vakwetenskap vir alle vakwetenskappe en vir die wysbegeerte bied nie.

Hierdie wysbegeerte is self nie godsdiens nie, maar is in die religie gefundeer, omdat dit die leidende beginsels van die religie (by name van *ons* religie) aanvaar, en die Skrifwaarhede erken, omdat dit uit die naiewe ervaring wat noodwendig religieus van karakter is, put, en omdat dit gewortel is in die „hart," „de *volheid onzer zelfheid,* waarin alle tijdelijke functies hare religieuze *concentratie, hare religieuze zinvervulling,* vinden." Hierdie „hart" bedoel Prof. Dooyeweerd Skriftuurlik, en sien hy in sy gebondenheid aan 'n afhanklikheid van Christus. Die gebondenheid en onderworpenheid van die menselike hart aan die Christus Gods word ten oorvloede in sy werke beklemtoon. Hierdie wysbegeerte maak dan ook ten volle gebruik van die Skrifwaarhede en wil in die volle sin van die woord *Calvinisties, teosentries,* wees.

Hierdie wysbegeerte is egter totaliteitsdenke; terwyl die teologie as vak-*wetenskap* aan hierdie wysbegeerte sy aprioriese fondamente moet ontleen, en as *vak*-wetenskap net 'n deel van daardie totaliteit ondersoek, wat die wysbegeerte in sy geheel ondersoek, nl. daardie deel, wat betrekking het op die religieuse (pistiese) vraag- en leerstukke.

* * *

Prof. Hepp eis tereg dat die Ger. teologie meer aandag moet gee aan die leerstuk van die Heilige Gees. Hy bring die openbaringsidee

5) „Haar vakgebied is de wetenschappelijke doordenking van het Christelijk dogma en in 't algemeen van de Goddelijke woordopenbaring onder het gronsaspect van de pistische (religieuse of godsdienstige, H.G.S.) functie." Gesiteer deur Dr. Potgieter, p. 156.

hiermee in verband, en onderskei t.o.v. hierdie idee fynsinnig gegrepe nuanseringe 6).

Ons kry eers die testimonium Spiritus Sancti. Hier word onderskei tussen die testimonium (generale) externum et internum. Die testimonium internum is as sodanig nie openbaring nie; dit is bloot formele versekeringsgrond, dat wat aan my geopenbaar is, waar is. Die testimonium externum is in die algemeen: openbaring, gesien as getuienis van die Heilige Gees, gesien dus van die kant van die werking van die Heilige Gees af.

Van die kant van die mens gesien is hierdie openbaring revelatio en phanerosis. Soms word beide terme blykbaar geïdentifieer, en soms nie. Vir my skyn die revelatio meer negatief en die phanerosis meer positief te wees. Die revelatio sou dan wees die openbaring as oopdekking, as die wegneming van hindernisse of remminge om die openbaring deelagtig te word. Die phanerosis sou dan meer betrekking hê op die positiewe inhoud van die geopenbaarde.

Dr. Potgieter stel dit verder as volg: Die geloof in die algemene sin rus op die phanerosis; die phanerosis spreek sig uit in oordele; en op die oordele korrespondeer deur reseptiwiteit en assimilasie van die menslike gees, ons aprioristiese oordele.

Die volgende onderskeiding is die tussen revelatio generalis en revelatio specialis. Eersgenoemde is die openbaring van God aan alle mense, laasgenoemde die besondere openbaring aan die gelowiges of wedergeborenes; dit hou in die mense die metafisiese behoefte lewendig, d.w.s., sou ek sê, die behoefte aan kennis van die misterieuse, die geheime agter die verskynsels wat ons ken. Die phanerosis omvat die revelatio generalis en specialis, en is blykbaar openbaring in ruimer sin as revelatio. Maar alle phanerosis is *Self*bekendmaking Gods.

Die revelatio generalis moet oorgaan in die revelatio specialis; bv. die metafisiese behoefte mag nie bevredig word deur 'n kosmosentriese wysbegeerte nie; die revelatio generalis kan die skepping nie reg waarneem en geen juiste rigsnoer vir leer en lewe gee sonder die hulp van die revelatio specialis nie, omdat die mens in sonde geval is.

---

6) Dr. Potgieter veronderstel hierdie nuanseringe van die openbaringsidee as bekend en stel hulle vir 'n oningewyde in hierdie terminologie nie skerp genoeg belynd teenoormekaar nie. Waar ek dit waag hierdie terme duideliker teenoormekaar te stel, is ek ten volle bewus daarvan, dat my verduideliking aan rektifikasie onderhewig mag wees. Sodanige eventuele rektifikasie sal egter aan my kritiek op Prof. Hepp se onderskeiding tussen teologie en filosofie geen verskil maak nie, omdat my kritiek nie die nuanseringe self tref nie, maar slegs betrekking het op die teologiese openbaringsidee in die algemeen i.v.m. sy vrugbaarmaking vir die wysbegeerte.

Uit die huwelik van die testimonium generale met die openbaring (revelatio en phanerosis?) ontstaan die fides generalis, wat onderskei moet word van die fides specialis, die geloof wat uit die wedergeboorte opkom.

En nou kom ons tot die belangryke onderskeiding, wat direk betrekking het op ons vraagstuk. T.o.v. die phanerosis moet nl. onderskei word tussen die revelatio Dei in statu recto en die revelatio Dei in statu obliquo. Die objek van die teologie bestaan, volgens Dr. Potgieter, in die aposterioristiese waarheidsoordele, wat die revelatio Dei in statu recto in Sy Woord en in Sy werke betref; die objek van die filosofie in die aposterioristiese waarheids-oordele, wat betrekking het op die revelatio Dei in statu obliquo.

Die revelatio Dei in statu recto skyn my te wees alle direkte of onmiddellike openbaring of *Self*bekendmaking Gods, sowel van Homself as van Sy werke. Hier het ons blykbaar veral met die Woordopenbaring Gods in die Heilige Skrif te doen, want die Skrif is van God ingegee en openbaar sowel Homself as Sy werke.

Die revelatio Dei in statu obliquo skyn my te wees die openbaring van die werke Gods as sg. „tweede oorsake," die middellike of indirekte openbaring, die openbaring van alles wat wetmatig gebonde is en wetmatig funksioneer en afloop, van dit wat God indirek deur die daaraan gestelde wette beheers en bestier; dit wat ons natuur of geskape kosmos kan noem. Dit behels die sogenaamde openbaring van die „dinge," wat natuurlik *per se* geen openbarende krag het nie.

Ons moet vervolgens tussen twee soorte van beginsels onderskei.

a. Daar is beginsels wat genoem kan word algemene of sentrale waarhede, wat deur die testimonium Spiritus Sancti generale internum aan alle mense verseker word; hulle, wat betrekking het op die revelatio generalis.

b. Al die ander prinsipes, met insluiting van hulle, wat betrekking het op die oorsprong, wese, samehang en bestemming van die dinge, word aan die revelatio specialis ontleen. Hulle vind ons veral in die Heilige Skrif. Juis die Skrif openbaar die waarhede Gods en werp lig op die oorsprong, wese en bestemming van die dinge.

Van beide soorte prinsipes geld, dat hulle aan die phanerosis ontleen word. Alle prinsipes wat nie uit die phanerosis stam nie, is pseudoprinsipes.

Die filosofie het met beide soorte van prinsipes te doen, want dit dring as Christelike metafisika sover moontlik deur die logiese denke in die vrae na die oorsprong, wese en bestemming van die kosmiese realiteit in; en dit ondersoek die sentrale waarhede op die agtergrond van die prinsipes aan die revelatio specialis ontleen.

Die teologie egter ondersoek die Skrif. Die teologie alleen kan die prinsipes aan die revelatio specialis ontleen vir die filosofie formuleer, insover die filosofie hulle nodig het; want die teologie het as voorwerp van ondersoek juis die revelatio specialis. Meer in besonder is dit die dogmatiek wat vir die filosofie uit die revelatio specialis die nodige prinsipes moet formuleer. Daarom is die teologie die grondwetenskap, wat aan die filosofie sy aprioristiese fondamente gee.

* * *

Vir Prof. Dooyeweerd is die wysbegeerte die grondwetenskap van die teologie. Vir Prof. Hepp is die teologie die grondwetenskap van die wysbegeerte. Op die wyse wat elk sy standpunt uitwerk is dit my egter duidelik, dat volgens die metode van Prof. Dooyeweerd die teologie nie tot sy reg kan kom nie, en dat volgens die metode van Prof. Hepp die wysbegeerte nie tot sy reg kan kom nie.

Teenoor Prof. Dooyeweerd handhaaf ek dat die filosofie nie moet uitgaan van die „Ken Uself" nie, maar van die saaklike onderskeiding van God en kosmos, en dat die mens en sy „Ken Uself" 'n onderdeel (al is die mens kroon van die skepping) van die kosmos is. Die teologie ondersoek die waarhede Gods en die onmiddellike afhanklikheid van die geskape kosmos van God 7). Die filosofie ondersoek die geskape kosmos in sy onselfgenoegsaamheid en wetsgebondenheid, as onselfgenoegsame totaliteit.

Teenoor Prof. Hepp handhaaf ek dat die wysbegeerte nie, sover as moontlik met die logiese denke, die oorsprong, en bestemming van die kosmiese realiteit moet ondersoek nie. Dit is teologiese waarhede, die ondersoek waarvan die wysbegeerte aan die teologie moet oorlaat; hierdie waarhede moet die wysbegeerte as basis van sy eie ondersoek, nl. die navorsing van die samehang van die kosmiese verskeidenheid in die onselfgenoegsame kosmiese totaliteit, aan die teologie ontleen.

Teologie is geen vakwetenskap nie soos Prof. Dooyeweerd wil nie, maar koningin van alle ander wetenskappe 8); en die wysbegeerte vorm sy grondbegrippe met behulp van die teologie en nie omgekeerd nie. Selfs

*(Artikel vervolg op bladsy 11)*

7) **Sien my artikels in Koers in die Krisis II en III vir besonder uitwerking.**

8) **So heel eenvoudig is hierdie vraagstuk egter nie. Laat ons onthou dat die mens (en die teologie) nie God kan ken, soos God homself ken nie, maar slegs in menslike, deur die wet van die pistiese (die religieuse geloof) bepaalde tale. Ons kennisse Gods bly „formeel" menslike, aan die wet onderworpe kennis, terwyl God ver bo alle wet uitgaan. As ons God Liefde, Vader, Gees noem, dan is God nie identies met wat ons as vader, gees,**

*(Voetnoot vervolg volgende bladsy)*

liefde ken nie, maar alleen in analogie daarmee, en oneindig hoër en anders as ons aardse vaderskap, gees en liefde. Die taal waarin die teologie spreek, is **menslike** taal; sy wete **menslike** wete; die „wetenskap" Gods **van Homself,** die **Goddelike** wete, daarenteen, staan oneindig bo alle menslike wetenskap; hierdie „teologie" staan ook bo die wysbegeerte en is grondleggend in absolute sin vir alle menslike wetenskap. Maar so kan die mens God nie ken nie. Dit is hierdie stand van sake, wat Prof. Dooyeweerd in oënskou het, as hy ons **menslike** teologie vakwetenskap noem.

Teenoor Prof. Dooyeweerd, egter, moet gestel word, dat elke wetskring (waarmee vakwetenskappe korreleer, soos ons gesien het) behalwe die van die godsdienstige geloof, hoe ook onderworpe aan die absolute soewereiniteit Gods, sy **kosmiese** eieaard in homself vind, deur die sinskern van die wetskring gekwalifiseer is. Dit geld wel ook van die pistiese of godsdienstige wetskring, maar hierdie wetskring bevat bowedien 'n moment, wat die ander wetskringe mis, nl. die ontsluitende heenwysing na die transendente waarheid, wat in God is, die ontsluitende heenwysing bo homself uit na God, Skepper van hemel en aarde. Nou mag „formeel" alle godsdiens en alle teologiese arbeid bepaal wees deur die eieaard van die betrokke wetskring, deur die sinskern van dié wetskring gekwalifiseer wees, en gebonde wees aan die wette, wat God hier aan die mens en sy arbeid gestel het, tog moet ons hier tweeërlei onderskei, nl., a, die godsdiens as 'n verskynsel in die kosmiese realiteit en b, die hier aan die mens geopenbaarde waarhede van 'n kosmiese transendente God. Die eerste is 'n gegewe in die kosmiese realiteit, die laaste is transendente openbaring, d.w.s. openbaring van iets wat nie kosmiese realiteit is nie. Die ondersoek hiervan kan geen vakwetenskap wees nie, want die geopenbaarde waarhede Gods is as waarhede Gods nie 'n deel, 'n "vak", van die kosmos nie. Daarom is teologie geen vakwetenskap nie, nieteenstaande dit as **wetenskap van die mens** kosmiese aktiwiteit en kosmiese besit is. Vakwetenskap is egter wel dit onder a, gegee, nl. godsdienswetenskap, waaronder val godsdienssielkunde, godsdiensgeskiedenis, godsdiensfenomenologie, godsdienssosiologie, ens.

Die sleutel van die oplossing van hierdie probleem lê m.i. in die wonderlike eieaard van die **woord.** Die woord het nl. 'n dubbele natuur. Dit is aan die een kant iets „natuurliks," as u wil iets „stofliks", dit is iets kosmies en wetsgebonde. Of u die gesproke woord, of die geskrewe woord, ens. neem, u neem dit as klankteken waar. Hierdie klankteken is egter simbool, wat buite homself heenwys na iets anders, wat dit beteken. Dit het 'n aan die klankteken „transendente" funksie. Dit is nie dit waarheen dit wys nie, maar heenwysing daarna. As ons nou dit toepas in ruimer sin op die Skrif, die Woord van God, dan verstaan die mens hierdie woord in menslike tale, onder die wet van die pistiese, maar dan wys die Woord bo homself uit na dit wat bo die wet is, na die transendente Skepper van hemel en aarde. Hierdie heenwysing van die menslike verstaanbare Woord van God na God Self is die bestaansgrond van die teologie as wetenskap van die waarhede Gods. Die Transendente, waarheen die woord bo homself uit heenwys, Sy openbaring, maak teologie moontlik, en nie die pistiese wetskring as 'n deel van die kosmiese realiteit nie.

die wysgerige wetenskapsleer het die hulp van die teologie nodig om die onderskeid en verhouding van geloof en wete te bepaal.

Maar ons mag ook nie soos Prof. Hepp die wysbegeerte verteologiseer nie, deur dit bevoegd te beskou om oor teologiese vraagstukke met teologiese voorligting na te dink nie.

Aan die ander kant het die teologie, en by name die dogmatiek, die hulp van die wysbegeerte ook nodig, veral insover dit die afhanklikheid van die *kosmiese realiteit* (w.o. die mens) van God formuleer, en van die wysbegeerte moet leer wat hierdie kosmos „in statu obliquo" (om terme van Prof. Hepp te leen) eintlik is. Dit is oorbekend dat die dogmatiek nie anders kan as om juis ook met spesifiek wysgerige terminologie te opereer, wat dit nie uit die revelatio specialis ontvang nie (om nogmaals Prof. Hepp se terme te gebruik). Verder, wat teologie as *wetenskap* is en moet wees, kan die teologie ook nie sonder die hulp van die wysbegeerte vasstel nie.

Wat die Skrif betref, het teologie en wysbegeerte beide die Skrifwaarhede nodig. Prof. Dooyeweerd en Prof. Hepp erken dit. Maar Prof. Dooyeweerd gee nie, sover my bekend, 'n uiteensetting van die metode hoe die Skrifwaarhede wetenskaplik, metodies suiwer vir die wysbegeerte gebruik moet word nie. Prof. Hepp stel tereg, dat die teologie die Skrif moet eksegetiseer en die Skrifwaarhede moet formuleer. Maar dit kan dit net formuleer vir die teologie. Hierdie *teologiese* formuleringe is as sodanig vir die wysbegeerte onbruikbaar. Om hierdie *teologiese* formuleringe aan die wysbegeerte op te dring, beteken 'n verteologisering van die wysbegeerte. Dit sal ek in 'n volgende artikel met voorbeelde aantoon. Die wysbegeerte het sy eie *wysgerige* prinsipeformuleringe nodig. Insover hy hulle egter aan die Skrif ontleen, kan hy hulle nie wysgerig formuleer sonder die hulp van die teologie nie; want die wysgeer is geen teoloog nie, en weet *as wysgeer* niks van Skrif-eksegese af nie. Hy ken die Skrif as gelowige kind van God; maar as hy Skrifwaarhede wysgerig vrugbaar wil maak, moet hy die hulp van die teoloog inroep om sy Skrifgebruik tegnies-wetenskaplik (teologies) te kontroleer.

By Prof. Dooyeweerd dreig die gevaar van 'n verfilosofering van die teologie; by Prof. Hepp dreig die gevaar van 'n verteologisering van die wysbegeerte. Vir beide gevare moet ons op ons hoede wees. Hoe m.i. beide gevare vermy behoort te word, hoop ek in 'n volgende artikel aan te toon.

H. G. STOKER.

Potchefstroom.